



Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompas



Jaargang 22 no 07
Julie 2013

Sondaars welkom.	
Wees bly!.....	2
Wanneer suster saam- kom... ..	4
Besoek aan Kenia	7
Onderhoud Ds Erik van Alten	10
Kan Moslems en Christene in vrede saamwoon?	12
Boekenuus.....	15

Sabbat – Jubeldag

Ons het nou die dag kerkbasaar gehou. Op 'n kerkbasaar is daar altyd 'n boeketafel. So het ek eendag 'n boek raakgeloop met die titel: "The Story of Jewish Holidays and Customs. For Young People". Uitgegee in New York, 1954. Pragtig beskryf dit bekende en onbekende Joodse feeste en gebruike. Dié van ons wat nog sakboekies het, sal daarin die Joodse feesdae vind: Purim, Pesach, Rosh Hashanah, Yom Kippur, Sukkot en Channukah. As 'n mens na hulle gebruike kyk, is daar opvallende ooreenkomste met Christelike gewoontes. Dit is seker nie snaaks nie. Die wortels van die Christendom lê immers in die Ou Testament, wat ook deur die Joodse volk erken word.

In hierdie opsig kan ons dalk iets leer van die Joodse viering van die Sabbat. Die Sabbat begin vir hulle alreeds die aand vooraf. In 'n huislike atmosfeer. Op Vrydae word daar gekook en huis skoongemaak en reggemaak vir 'n feesdag. Op Vrydae is die bloemiste besig, want almal koop blomme vir die Sabbat. In die aand steek die vrou van die huis die Sabbat-kerse aan. Na die aanddiens by die Sinagoge volg die eerste Sabbat-feesmaal. Die maaltye gaan gepaard met die sing van liedere. Die volgende oggend vind 'n redelike lang diens in die Sinagoge plaas (twee tot drie ure). Later die dag nog 'n middagdiens, en die aandgebed in die Sinagoge met sonsondergang. Dus vier dienste in totaal. Daarna word die Sabbat by die huis afgesluit, waar die hele gesin teenwoordig is.

Die eerste ding wat opval, is die feestelike karakter. Daar is blomme in die huis en daar word gesing. Die hele gesin is bymekaar. Daar is 'n kombinasie van huislike viering en publieke erediens. Die beste klere word aangetrek. Ryk maaltye word bedien. Vader spreek die seën uit oor brood en wyn. Dis 'n dag van rus en vreugde. Vandag is Israel seker die enigste land ter wêreld waar op die Sabbat alles tot stilstand kom: kantore, fabrieke, restaurante en winkels is gesluit. Daar is feitlik geen verkeer op die strate nie.

Dalk moet ons weer krities kyk na hoe ons Sondae vier. Ons vier natuurlik nie die Sabbat nie. Die rusdag begin by ons ook nie reeds op die Saterdagand nie. Op Sondagoggend moet gesinne gou maak om betyds by die kerk te kom. Dan is daar dikwels nie tyd om rus te neem, om jou rustig voor te berei vir die Dag van die Here nie. En as daar lank na kerk gekuier word, is ons laat vir middagete. Dis alles te verstane, maar tog het ek 'n heimwee na die rus van die Sabbat soos wat ons dit hierbo beskryf vind. Dalk moet ons tog 'n poging aanwend. Weer 'n slag kyk waarmee ek my besig hou oor 'n naweek. Hoe kan ek dit 'n spesiale feesdag maak vir my gesin (en dalk saam met vriende of familie)?

En dan is daar die tweede erediens wat in die knel kom. Besoekersgetalle neem af, en ons weet van kerke wat dit afgeskaf het. Onlangs verneem ek dat daar gereformeerde kerke is wat in die Europese lang somersdae drie erediensdienste belê: oggend, middag, aand. 'n Mens kan aanvaar dat almal nie al die dienste bywoon nie. Maar om 'n enkele tweede erediens in stand te hou? Moet ons dalk eerder na 'n middagdiens pleks van 'n aanddiens kyk? Dalk onderskeid maak tussen winter en somer?

Die Kategismus verwys in sy verklaring oor die vierde gebod (Sondag 38) na skole en armes: dat die skole in stand gehou moet word, en om Christelike liefdegawes te gee. In hierdie uitgawe van *Kompas* is daar 'n interessante onderhoud oor 'n teologiese skool in die Oekraïne, asook 'n verslag van 'n onlangse Vrouesaamtredag waar besin is oor uitreikprojekte. Lekker lees!

Douwe Drijfhout, lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria

Sondaars welkom. Wees bly!

Die gelykenisse van die afgedwaalde skaap en die verlore penning

Uit die Bybel

Wees saam met my bly, want ek het my skaap gekry wat verlore was. Ek sê vir julle dat daar net so blydskap sal wees in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer, meer as oor negen-en-negentig regverdiges wat die bekering nie nodig het nie.

Lees asseblief eers die twee gelykenisse in Lukas 15:1-10 aandagtig.



Wat sou die Here van die kerk oor ons dink?

Besoek

In die boek "Die besoek" van Adrian Plass vertel 'n predikant oor 'n onverwagse besoek van die Stigter van sy kerk. Die predikant het gedink dit gaan goed met sy kerk: hulle was 'n respektable gemeente. Maar die koms van Jesus was 'n skok. Eerstens kom Hy ongemerk binne en gaan sit op die agterste ry. Hy bevry mense deur net 'n paar woorde te spreek. Vervolgens vat hy die lidmate saam na buite na 'n kroeg toe. Die predikant voel onbelangrik en bly alleen in die kerk agter. Maar dan bekeer hy hom en kom nederig na Jesus toe.

Wat sou die Here van die kerk oor ons dink? Waar sou Hy opdaag? Vir wie sou Hy gaan soek? Wanneer ons dink ons gedrag is onbesproke en ons doen nogal moeite vir Jesus, dan verwag ons 'n kloppie op die skouer. Jesus sal tog seker nie ons kerk verbygaan nie! Hy kom besoek die meelewende lidmate en hulle sal in die kollig geplaas word. Maar

Hy sal tog nie aandag gee aan mense wat niks vir Hom gedoen het nie?

Onwerklik?

Dalk klink so 'n situasie onwerklik. Jy weet mos dat Jesus se terugkoms in 'n oomblik sal gebeur, die hele wêreld sal Hom sien, en die oordeel en die ewige lewe sal dadelik aanbreek.

Maar so-iets het werklik gebeur toe Jesus op aarde geleef het. Dis hoekom Jesus drie gelykenisse uitspreek: van die afgedwaalde skaap, die verlore penning, en die verlore seun.

Lees maar vers 1 van Lukas 15: die Joodse leiers het 'n groot probleem gehad en kwaad geword vir Jesus: "Wat? 'n Gerespekteerde rabbi wat nie kop in een mus met die leiers van die volk is nie, maar die geselskap van sondaars opsoek?!"

Die Fariseërs het addisionele reëls gemaak om te voorkom dat hulle selfs per ongeluk die wet van God sou oortree. Hulle het enigiemand wat as sondaar bekend gestaan het, op 'n afstand gehou. Wanneer 'n mens vir tollenaars en prostitute kuier, vra jy vir moeilikheid. Hoe kan jy nié sondig wanneer jy in hulle huis is nie?

Die werkwoord wys dat hulle aangehou het om Hom daarvoor aan te vat. Dit was Jesus se gewoonte om sondaars op te soek. In hierdie gelykenisse verweer Hy Hom. Soos gebruikelik, is dit stories wat midde-in die lewe van die mense staan. Maar daar is altyd 'n verrassende, skokkende klimaks.



Mense kon hul gou met die emosies van die verhaal identifiseer. Skape is kosbaar. Ook wanneer jy net een van jou honderd skape verloor het, gaan soek jy dit. Ons almal het seker al 'n waardevolle ding verloor: een van jou pragtigste oorbelletjies, 'n deel van 'n halssnoer, of dalk R100. Wanneer jy weet dit behoort nog in die huis te wees, keer jy alles om: jy kyk onder die kussings van die bank, gaan deur al jou tydskrifte, jy vee die vloer en kyk noukeurig in die stof totdat jy dit gevind het.

Na die herkenning wag daar vir ons 'n verrassing. Jy sal natuurlik bly wees dat jy jou R100 of oorbelletjie gevind het, maar gaan jy dan 'n groot partytjie organiseer of mense vir 'n braai nooi? Dit sal gou meer as R100 kos... Die reaksie is oordrewe!

Vreugde

Die mense wat as sondaars bekend staan, is deur die Fariseërs prysgegee, maar Jesus het groot vreugde oor sondaars wat hulle bekeer.

Dis nou juis die punt van die gelykenis.

Jesus is die Eienaar van die skape. Hy soek dié wat verlore is en is geweldig bly wanneer Hy hulle vind: wanneer sondaars hulle bekeer. Dis hoekom Hy aan die kruis gesterf het. En Hy roep ons op om in die vreugde te deel.

God was alreeds gedurende die hele Ou Testament besig om sondaars te soek. Die straf op die verbondsbreuk was onvermydelik. Maar die profete wat die straf aangekondig het, het terselfdertyd baie mooi dinge gesê oor God se liefde vir sondaars, en in pragtige beelde 'n toekoms beskryf waarin God sy volk weer sou aanneem. Na die donkerte van die oordeel kom die uitbundigheid van die redding. Dit het met Jesus se koms aangebreek! Jesus bring hoop vir sondaars. Wanneer ek na Hom luister, kan ek nie ontken dat ek 'n sondaar is nie. Die Bergrede wys dat God my hele hart soek en dat ek nie die wet kan hou nie. Moord en egbreuk begin in my hart. Jesus kondig aan dat die koninkryk nader gekom het. Die enigste manier waarop sondaars deel daarvan kan word, is wanneer hulle hul sondes bely en hulle bekeer. Glo in My!

Die mense wat as sondaars bekend staan, is deur die Fariseërs prysgegee. Daar is geen redding vir hulle nie, omdat hulle nooit die wet kan en wil gehoorsaam nie.

Jesus soek hulle, maar nie net omdat hulle verwerp is nie. Hy sien dat hulle na Hom toe kom met 'n gebroke hart. Hulle besef dat hulle verlore is en soek hul redding net by Christus.

Jesus het groot vreugde oor sondaars wat hulle bekeer. Hy keer Hom teen dié wat hoogmoedig is en Hy aanvaar dié wat nederig is. Wanneer Hy saam met hulle eet, beteken dit dat Hy hulle volledig aanvaar en hulle in sy geselskap opneem.

Regverdiges?

Dan volg nóg 'n verrassing.

Die vreugde van God word baie in hierdie kort gelykenisse genoem. Jesus sê dit met nadruk:

Ek sê vir julle dat daar net so blydskap sal wees in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer, meer as oor negen-en-negentig regverdiges wat die bekering nie nodig het nie.

Wie is die regverdiges? Is dit die Fariseërs wat *dink* hulle is regverdig? Dit is onmoontlik. Jesus maak 'n vergelyking, en sê daar is meer vreugde in die hemel oor sondaars as oor regverdiges. Maar in die hemel is daar glad nie vreugde oor trotse Fariseërs nie!

Die woord 'regverdige' kry sy betekenis in die konteks van die boek van Lukas en die hele Bybel.

Ons lees oor Sagaria en Elisabet, en oor Simon wat regverdig was en die Redder verwag het (Luk. 1). Dit is hoe God in die Ou Testament oor gelowiges gepraat het: mense wat tot sy verbond behoort, wat God vertrou, en sy belofte van die Verlosser geglo het. Hulle verwag hul redding nie van hulself en hul goeie daede nie, maar van die Redder wat hulle verwag het.

Hulle het offers vir hul sondes gebring (soos Dawid en Job) en geglo dat die Messias sou kom om dié offers te vervul. Hulle het nie 'n goddelose lewe geleef nie, maar het met God gewandel en hulle daaglikse van hul sondes bekeer. Hulle was regverdig deur hulle geloof.

Ons weet dat God vreugde oor daardie gelowiges gehad het. Maar nou sê Jesus dat God Hom meer verheug oor mense wat hulle bekeer van 'n goddelose lewe.

So oortuig Jesus ons van God se liefde: Hy laat sondaars nie in hul sonde nie, maar soek hulle en neem hulle met vreugde aan.

Bemoedigend!

Genade is 'n geweldige bemoediging vir almal wat in sondes vasgevang is. Daar is steeds hoop vir jou wanneer jy 'n gemors van jou lewe gemaak het. Dis

nie nodig dat jy eers jousef verbeter voordat jy na Jesus toe mag kom nie. Hy soek jou in jou verlore situasie. Hy is vol liefde om jou sondes weg te was en magtig om jou uit die sonde weg te trek. Dalk is jy teleurgesteld in kerkmense omdat hulle jou gelos het toe jy 'n sonde begaan. Jy het dalk die gevoel gekry dat die kerk net vir mense is wat sonde is.

Hierdie gelykenisse is veral teen dié wat goed van hulself dink. Ons moet almal in ons eie hart kyk. Deel ek God se vreugde oor sondaars? Of vind ek dit oordrewe?

God se vreugde oor die bekering van sondaars is oorweldigend en grensloos. Ons dink dikwels nie eers in dié terme oor God nie. Net soos die vreugde in hierdie gelykenisse vir ons oordrewe voel, net so is dit vir ons moeilik om die diepte van sy genade regtig te sien en te aanvaar dat God bly is oor sondaars. God vergeef ons sondes en behandel ons “asof ons nooit enige sonde gedoen het nie” – maar behandel ons mekaar in die gemeente en ons gesinne net so? Is daar in die praktyk nie 'n indeling in groepe nie? Meelewende en rand-lidmate, mense wat bekend staan daarvoor dat hulle baie vir die kerk doen, en dié wat jy nooit sien nie...

Wat jy ook al vir die Here doen, dit is sy genadewerk in jou hart, nie 'n terugbetaling waarmee jy tog die toegang kan verdien nie.

Wanneer jy noukeurig leef en vir jare die Here gedien het, sou die Here daarmee nie bly wees nie? Dit voel oneerlik dat Hy dié wat oppervlakkig lewe en hul eie behoeftes bevredig het, sommer verwelkom en bly is oor hulle.

Maar dan het jy die genade uit die oog verloor. Niemand kan die koninkryk van God ingaan deur sy eie *track record* nie. Wat jy ook al vir die Here doen, dit is sy genadewerk in jou hart, nie 'n terugbetaling waarmee jy tog die toegang kan verdien nie. Wie hoogmoedig neerkyk op sondaars, is in die ban van die ergste sonde: hoogmoed – en staan self buite die koninkryk.

Vandag gebruik Jesus sy kerk om sondaars te soek. Wanneer die kerk 'n groep geword het van selfvoldane mense wat nooit fouteer nie, het daar iets verskrikliks verkeerd geloop.

Net wanneer ons self sien hoe sondig en verlore ons is, begin ons die liefde van Jesus raaksien en hou ons op om neer te kyk op dié wat in ons oë 'sondaars' is. Maak oop jou oë vir die liefde van Christus en jy sal ook sondaars gaan soek, omdat jy net soos Christus bly is wanneer ander sondaars Jesus vind.

Ds. Dirk Maurits Boersma is een van die VGK-sendinge en werk in Akasia (Living Hope-gemeente)

Wanneer susters saamkom...

Kerknuus

Dit is 'n gewone Saterdag, 11 Mei en onaangenaam koud buite.

Twee dae tevore het ons herdenk dat Christus opgevaar het na die hemel en daar heers as Koning. In die feestelike sfeer van dié wete gebeur daar iets wat steeds ongewoon is vir die wêreld. Susters kom saam oor kerk- en kleurgrense heen om te luister, te leer en te groei as onderdane van Koning Christus! Om half 10 het die jaarlikse Vrouesaamtrek in Pretoria sy aanvang geneem. Ongeveer 120 vroue het saamgekom en die kerksaal volgesit om vir die 33ste jaar saam na te dink hoe ons sigbaar, voelbaar en hoorbaar ons geloof in Christus kan uitleef. Helderkleurige lêers met glinsterende krone het die tema

van die oggend uitgejubel: **Christus is ons Koning!** Sr Marietjie Breytenbach het die tema soos volg ingelei:



Christus is ons Koning.

In die Ou Testament is mense vir 'n spesiale taak gesalf. Die salfolie was volgens 'n spesiale resep gemaak en was heilig. Dit was die simbool van die Heilige Gees. Christus self is gesalf met die Heilige Gees toe Hy in die Jordaanwater gedoop is. Hy is **gesalf** as Profeet, Priester en Koning. Christus beteken 'Gesalfde'! Hy is Here en Heiland en deur Hom ontvang ons die ewige lewe. In kontras met hierdie heerlike beskrywing van ons Koning lees ons ook dat Hy vir 'n kort tydjie minder was as die engele. Dis juis deur die gestalte van 'n mens aan te neem dat Hy ons verlossing bewerk het. Daarom is Hy dan ook **aangestel** as **ewige Koning**. Ons ewige Koning het opgevaar na die hemel en sit daar aan die regterhand van God, vanwaar Hy regeer. Christus **regeer** ons met sy Woord en Gees! Hy **beskerm en bewaar** ons by die verlossing wat Hy verwerf het!

Christus **is** ons koning.

Die woordjie **is** dui op onveranderlikheid, werklikheid, nou en ewig. Dit is die karakter van God se beloftes, sy Woord en dan ook ons belydenis. Christus is, was en sal **ewig** Koning wees!

Christus is ons **Koning**.

Die Ou-Testamentiese koning het groot mag gehad. Hy moes namens die Here regeer, regspraak en geestelike en fisiese leiding gee. Die koningskap van Dawid was diens. Dawid het die profesie ontvang van die Vredevors, die gesalfde Seun wat sou kom. Hy sou uit die geslag van Dawid wees. Met die koms van Christus op aarde is die belofte vervul. Hy was inderdaad die **Gesalfde** uit die huis van Dawid, die Koning volgens God se wil.

Christus het God se koninkryk kom vestig. Hy herstel God se heerskappy. Die Vader wil ons alles genadiglik gee in Christus. Soos ons kan sien vanuit Christus se gelykenisse, vra dit geloof van ons.

God het alles goed geskape, maar as gevolg van die sonde het daar 'n opstand teen God plaasgevind.

Christus herstel alles weer. Ons kan dit pragtig sien as Hy siekes gesond maak, dooies lewend maak en die storm stilmaak.

Ons Koning is ook die Hoof van die skepping en daarom ook Hoof van die Kerk. Hy is die Koning van die konings. Soos 'n goeie koning dra Hy die belange van sy onderdane op die hart.

Christus het God se liefde naby gebring. Hy het sy lewe vir sondaars gegee en ons vyande bestry. Deur sy oorwinning oor die groot vyand, die satan, het Hy die ewige lewe vir ons verkry. Ons Koning was die eerste mens wat opgestaan het uit die dood en die ewige lewe ontvang het. Toe kon Hy sê: "aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde" (Matt 28:18). En: "En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld" (Matt 29:20). Dit is hoe ver sy Koningskap strek!

Sy **mag** is dat Hy met die Woord en die liefde van die Vader gekom het en dat Hy die Gees van geloof kon skenk!

Christus is **ons** Koning.

Christus is die ewige Koning wat aan die regterhand van God regeer met groot mag. Hy wil vir ons die verlossing van die sonde skenk. Deur in Christus te glo, word **ook ons gesalf** met die Heilige Gees. Hy is die bron van ons geloof en die krag oor jou en in jou. Ons behoort nou aan Christus en Christus aan God.

Met Christus se Naam **ontvang ons die gawe** om getuie van Hom te wees, toegewy aan Hom te wees en ook magtig in Hom te wees! Omdat die dood en die sonde geen houvas meer op ons lewe het nie, mag ons voluit lewe in dankbaarheid. Ons kan nou met 'n vrye gewete teen die sonde en die duisternis stry. Ons is sterk as die Woord in ons lewe en ons Christus daaglik hoor praat!

In Christus aanvaar ons die verantwoordelikheid om onderkonings, verteenwoordigers en beeld van God te wees. Uit dankbaarheid brand ons harte om vir die wêreld te vertel van Christus, ons Koning!

Ons mag as onderdane ons profetiese, priesterlike en koninklike onderdanigheid uitleef. Die liefde wat Hy vir ons het, wil ons aan ander toon.

Ons Koning gee ook opdragte wat ons moet uitvoer in gehoorsaamheid en eerbied. Die sendingsopdrag wat die Here Jesus aan die dissipels gegee het, word ook ons taak.

'n Klein mens word 'n kragtige instrument in die hand van sy Koning. Dit kan nie anders nie, want die liefde van Christus dryf hom. Sy lewe word Christus, sy eie belange is nie meer belangrik nie en hy gee sy alles vir die koninkryk van Koning Christus. Hierdie liefde is kragtig, omdat die Vader ons so uitnemend liefgehad het dat Hy sy eniggebore Seun gestuur het om vir ons sondes te sterf. Christus het die dood oorwin en ons verlossing bewerk. Hy regeer aan die regterhand van God tot in ewigheid. Ons wil Koning Christus aanbid en voor Hom buig. Laat ons psalmsing tot sy eer!

Bespreking

Vanuit die gehoor het die volgende stelling/vraag gekom: Dit is soms makliker om na die nood buite te kyk en op 'n afstand te gee as om die eie nood in ons gemeente te versorg. Dit is eerstens belangrik dat dit gesond van binne is.

Die reaksie van die spreekster was as volg: Dit is uiters belangrik dat ons eers naby kyk. Die Here plaas ons in 'n sekere omgewing. Ons mag die Here vra vir duidelikheid om ons oë oop te maak vir die nood in ons eie gemeente. Ons leef in 'n tyd van uiterste spanning en probleme ontstaan ook naby ons, onder ons eie gemeentelede. Luister en wees naby dié wat nood het. Daar word verwys na Galasiërs 6:10 waar Paulus aan die gemeente sê dat hulle moet dink aan die huisgenote van Christus.



Nog 'n reaksie daarop vanuit die gehoor was dat die Here ook mense in nood, wat van buite is, in 'n mens se lewe sal bring as dit sy wil is. Hy sal aan 'n mens die hart en oor daarvoor gee. Die Here gee dieselfde taak vir elkeen, maar op verskillende fronte.

Ons is in groepe ingedeel en die volgende vraag is aan ons gestel: Identifiseer 'n sekere nood in jou omgewing en dink na hoe jy iets daaraan kan doen. Hier is van die voorstelle wat vanuit die besprekings gekom het:

Nood op die hoeke van strate – kies een persoon en volg op. Help die dwelmverslaafdes deur geen geld te gee nie, maar wel God se Woord.

Kinders met afwesige ouers, dit kan in jou kind se skool wees of selfs die bure – bied 'n buitemuurse aktiwiteit aan of laat die kinders by jou huis speel. Eensame mense in ouetehuse – jonk en oud kan gaan kuier en saam sing. Lees uit die Bybel en bid saam. Kinderhuse, tehuse of rehabilitasiesentrums – reik uit deur belang te stel en speletjies met hulle te speel. Neem 'n kind vir 'n naweek na jou eie huis/vakansieplek. Kinders wat verwerp word deur hulle ouers – wees 'n pleegouer of oorweeg selfs aanneming.

Werkloosheid en die gebrek aan opleiding – word betrokke by hulle opleiding of die aanleer van nuwe vaardighede. Ensovoorts, ensovoorts.

Na 'n gesellige teetyd het die dag sy verdere gang geneem met bekendstellings van verskeie uitreik-projekte.

Daar was bekendstellings van verskeie uitreik-projekte, naamlik:

Childhood Cancer Foundation of South Africa

Crossroad Bible Institute

Zimbabwe-projek

Gereformeerde Vroueblad

CHOC, Childhood Cancer Foundation of South Africa se missie is om by te dra tot die welsyn van kinders met kanker en lewensbedreigende bloedsiektes, sowel as hul families.

Die **Crossroad Bible Institute** rus 'n mens toe om God se kinders agter tralies te bereik met die evangelie deur die bediening van die versoening.

Die **Zimbabwe-projek** het 'n mens laat beseft dat die Here mense op jou pad bring en dan ook die hart en hande gee om te help.

Laastens is ook die **Gereformeerde Vroueblad** bekendgestel, 'n blad wat 'n mens laat groei in die waarheid van die Woord en vreugde en inspirasie bied vir nederige diensbaarheid.

Die dag se verrigtinge het einde se kant toe gestaan. Die vrolike sang van kinderstemme en die selfgemaakte krone op klein kinderkoppies het die feestelikheid van die dag afgerond. Selfs die grouheid van die oggendkoue het verander in heerlike sonskyn! Voordat daar kans was vir middagete en 'n kreatiewe aktiwiteit het susters oor kerk- en kleurgrense heen saam gesing vir Koning Christus. Hy skenk die lewe, die wasdom, die sonlig, die reën; aan Hom kom toe alle lof en eer!

Lientjie Drijfhout, lid van Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria



Besoek aan Kenia

Kuns en kultuur

Julle het julle kinders in Kenia besoek. Wat doen hulle daar?

Ja, ons het Christiaan, Marieke en kleinkinders besoek en dit was baie lekker!



Gesin Haak

Christiaan werk daar vir MAF Kenia (Mission Aviation Fellowship). MAF is 'n Christelike organisasie wat op baie plekke in die wêreld klein vliegtuie gebruik om moeilik bereikbare plekke maklik bereikbaar te maak vir mense soos sendelinge, noodhulpwerkers, mediese personeel, pasiënte en ander. Chris en Marieke val onder MAF Nederland (www.maf.nl), maar dié is deel van MAF wêreldwyd (www.maf.org). Hy doen vlugte (met die Cesna 206 en Caravan) in Kenia en ook in Suid-Soedan, vanuit Juba. Dit is 3,5 ure se vlieg om in Juba te kom vanuit Nairobi, en hy bly dan ook meerdere dae in Juba om daar vlugte in Suid-Soedan uit te voer. Ons was bevoorreg om 'n paar keer saam te vlieg, een keer na die noorde van Kenia en een keer na die ooste, na Dadaab waar die grootste vlugtelingkamp in die wêreld is, met omtrent 500 000 mense uit Somalië. Mense wat gevlug het weens oorlog en droogtes. (<http://en.wikipedia.org/wiki/Dadaab>)



Op Dadaab se landingsbaan



Deel van Dadaab se vlugtelingekamp



Wilson-vliegveld met MAF-hangaarheel regs

Jy het Kenia in die verlede besoek. Het dit verander?

Ek was in die verlede al heelwat kere in Kenia vir werk, maar dan sien 'n mens nie veel meer as die lughawe, kantore en 'n hotelkamer nie. Weens groot-skaalse korrupsie het daar toe nooit baie van besigheid in Kenia gekom nie. 'n Mens wonder of korrupsie nou minder is, maar daar word wel baie gebou: kantore, woonstelle, ens.

Hoe het julle daar gekom? Is dit maklik om vanuit Suid-Afrika daar te kom?

Dit is maklik om daar te kom. Jy stap in 'n vliegtuig en na 4 ure is jy daar. Jy kan ook ry. Om Nairobi toe te ry, het 'n mens nie 'n 4x4 met so'n uitlaatpyp wat bo die dak uitsteek, nodig nie. Afrika is rêrig nie so ontoeganklik as wat baie mense hier aan die

suidpunt dink nie. Dit begin seker ook nou meer deurdring noudat mense *Voetspore* op die televisie kyk. Maar om te ry, vat heelwat tyd en petrol. Dit sal so'n 5000 km padlangs wees, dus maak maar jou sommetjies.

**Hoe is die omstandighede om daar te woon ?
Hoe is die woonbuurte?**

Die woonomstandighede is verskillend, dit hang maar af van waar jy woon, net soos in Suid-Afrika. Daar is mooi buurte met groot huise en tuine wat herinner aan die koloniale tyd, daar is *compounds* waar 'n aantal huise een hek deel, soos komplekse hier, daar is baie woonstelle en ook *townships*, soos Kibera en ander. Omstandighede in laasgenoemde is haglik en vergelyk baie sleg met plekke soos ons hulle ken, byvoorbeeld Soshanguve. Ons kinders woon in 'n *compound*, saam met hoofsaaklik ander buitelanders wat kom uit Finland, Australië, Engeland en Amerika. Groot winkelsentrums is daar genoeg, asook ander moderne fasiliteite.



Klein stukkie van Kibera-township

Is daar kerke waarby hulle kan aansluit?

Daar is baie kerke en hulle het heelwat rondgekyk om te besluit waar om aan te sluit.

Daar is kerke van Gereformeerde karakter, maar die taal is Swahili. Die beste preke wat hulle gehoor het, was by die Baptiste, maar om aan te sluit is eers onderdompeling vereis. Hulle het toe aangesluit by 'n onafhanklike kerk wat hul dienste hou in die Rosslyn Academy, <http://rosslynacademy.org/>, die Christelike skool waar die oudste kinders ook heengaan. Hierdie kerk gaan uit van ICF (International Christian Fellowship). Sondae het ons daardie kerk besoek en ons was beïndruk met die Woordverkondiging. Elke Sondag is daar baie mense.



Na watter skole gaan die kinders? Engels-medium?

Die jongste twee kinders gaan na die Nederlandse skool in Nairobi. <http://www.netherlandschool.com/>.

com/. Hierdie skool gebruik Nederlands as medium. Die oudste twee gaan na die Rosslyn Academy met Engels as medium.

Ons hoor die verkeer is 'hectic'. Is petrol ook maar duur?

Petrol kos omtrent dieselfde as hier, ook ongeveer R12 per liter. Die verkeer is inderdaad chaoties en besig. Nairobi is 'n groot stad met miljoene inwoners en baie motors, maar ons het net een stopteken en een verkeerslig gesien, wat in elk geval geïgnoreer word. Maar hierdie is nie iets spesifiek vir Nairobi nie. Dit is maar algemeen in groot Afrika-stede. Hierdie gedrag maak ry op paaie buite die stad egter wel gevaarlik, omdat alles nou met groter spoed gebeur.

Vertel iets oor Kenia, wat julle ervaar het: nuwe president, bevolking, gesondheid, ekonomie.

Die nuwe president (Uhuru Kenyatta) het die verkiesing in Maart met 'n paar duisend stemme gewen, uit 'n totaal van 14 miljoen stemgeregtigdes. Dit is natuurlik verdag en die teenstander het 'n klag aanhangig gemaak in die hof. Die hof het die aanklag verwerp. Kenia is die helfte van Suid-Afrika in oppervlakte en het omtrent 43 miljoen inwoners en is daarmee amper twee keer so dig bevolk as Suid-Afrika. Daar is baie bevolkingsgroepe, soos die Kikuyu, Luo, Kamba en vele meer, tot die kleinste groep toe, die el-Molo met net omtrent 500 mense. Hierdie verskeidenheid is ook die oorsaak van baie probleme in die land en is al deur presidente soos Moi gebruik om tweedrag te saai om self aan die bewind te bly.



'n Paar Masais, een van die kleiner bevolkingsgroepe

Korrupsie is egter wel 'n groot probleem in Kenia. Kenia was altyd al bekend as een van die mees korrupte lande in Afrika. Maar daar kom nie net slegte nuus uit Kenia nie. Daar word baie vir natuurbewaring gedoen, die nasionale parke be-

slaan amper 10% van die landoppervlakte. En daar is byvoorbeeld die Nobel-pryswenner vir vrede, mevrou Wangari Maathai wat 2 jaar gelede oorlede is. Sy het die Green Belt-beweging gestig. Neem gerus kennis van haar stryd teen korrupsie, die verwoesting van die

omgewing, asook teen onderdrukking van vroue in 'n boek soos "Unbowed" of in Nederlands "Ongebroken". Die mynbou daar is maar klein en toerisme is 'n groot bron van inkomste. Wat gesondheids sorg betref: daar is goeie hospitale en dokters in Nairobi asook klinieke.



Nederlandse rooskwekers


Enige Suid-Afrikaners daar? Suid-Afrikaanse bedrywe? Ander buitelanders?

Afrikaners is daar verseker, soos orals in Afrika. Verder is daar heelwat Suid- Afrikaanse bedrywe, soos Mr Price (maar duur), Woolworths (nog duurder), Altech, Deloitte & Touche, en baie ander. Daar is trouens baie buitelanders in Kenia. Ons is vertel dat daar 4 000 Nederlanders woon. Van hulle het groot blomkwekerie wat snyblomme regoor die wêreld uitvoer.

Hoe staan die Keniane teenoor Suid-Afrika?

Ons is orals vriendelik behandel en jy kom minder rasvooroordele teë as in Suid- Afrika, wat natuurlik geen wonder is nie gesien Suid-Afrika se geskiedenis. Maar dit is blykbaar moeilik om Suid-Afrikaanse produkte te verkoop. Weens boikotwette uit die apartheidsjare is daar nog steeds groot invoerheffings op Suid-Afrikaanse produkte. Jy sal ook nie Game, Checkers en dergelike winkels in Kenia kry nie, terwyl jy hulle wel vind in baie ander Afrika-lande.

Toerisme? Het julle iets van die land gesien?



Een van die pragtige voëls van Kenia – Fischer's lovebird

Ja, ons het heelwat gesien. Behalwe vir die vlugte saam met Christiaan langs Mount Kenia aan die een kant en Kilimandjaro aan die ander kant, het

ons lekker getoer met die kinders op na die noorde by die mere in die Rift Valley verby.



By die ewenaar

Ons het vir die mere gekies weens ons belangstelling in voëls. By die verste meer (Lake Baringo) het ons 'n voëlroete gedoen saam met 'n plaaslike voëlkenner. 'n Baie interessante en vriendelike man, wat selfs 'n mondvol Nederlands kon praat. Volgens hom het Kenia 1 224 voëlspesies, wat ongeveer 300 meer is as in Suid- Afrika.

Daar is egter groot probleme met die mere. Die rede is die hoë reënvalsyfer van 2012, wat veroorsaak het dat die mere se watervlak baie hoog is, wat weer die voedselvoorsiening vir die miljoene flaminke beïnvloed. By een meer was die watervlak so hoog dat vakansie-orde, visfabrieke en woonbuurte onder water was. Die mense daar is baie bekommerd oor wat hulle nog te wagte staan met die reënseisoen wat nou aan die gang is. Wat Kenia as toeristeland betref, groot dele is goed toeganklik, maar Kenia is wel baie duur vir buitelanders en Suid-Afrika bied definitief meer waarde vir geld, tensy mense dinge wil sien wat nie hier te sien is, soos Masai Mara/ Serengeti se groot jaarlikse wildmigrasie, die miljoene flaminke en berge tot amper 6 000m hoog. In Nairobi het ons ook 'n hele paar projekte besoek wat aangepak is om behoeftige mense te help, soos Amani, 'n naaldwerkprojek vir vlugteling uit die Kongo, Rwanda en ander plekke (<http://www.amaniafrica.org/>), asook Azuri vir alleenstaande moeders (<http://www.kazuri.com/>), waar 'n paar honderd vroue die pragtigste sierade met krale van klei maak. 'n Wandeling in een van die grootste woude ter wêreld wat binne 'n stedelike gebied lê, die Karura-woud, was ook die moeite werd. Danksy Maathai, hierbo genoem, bestaan die woud, die long van Nairobi genoem, nog steeds. <http://www.friendsofkarura.org/>

Tjeerd en Diny de Wit, lede van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria

Onderhoud Ds Erik van Alten

Onderhoud en verslae



U en u gesin vertrek binnekort na die Oekraïne. Vertel asseblief iets oor die werk wat u daar gaan doen.

Aan die begin van die negenti-gerjare van die

vorige eeu het ons Nederlandse susterkerke begin om sendingwerk in die Oekraïne te doen. Ds. Nap was die eerste sendeling. As deel van sy werk het hy ook begin om studente op te lei om predikante te word, somer in sy kombuis. En daarom het dit die naam 'kitchen-seminary' gekry. In daardie selfde tyd is soortgelyke teologiese opleiding ook deur sendelinge van die Presbyterian Church of America (PCA) aangebied. Aan die begin van hierdie eeu het die Gereformeerdes en die Presbiteriane, na verskeie gesprekke, besluit om hierdie twee opleidings saam te voeg, en so het die Evangelical Reformed Seminary of Ukraine (ERSU) ontstaan. Na ds. Nap het ds. Jos Colijn dosent daar geword. Na ongeveer 12 jaar as dosent het ds. Colijn en sy gesin besluit om te repatrieer, en het hulle 'n opvolger gesoek. Dit is waar ons in die prentjie kom. Dus, my hoofsaak sal wees om teologiese opleiding aan te bied, in die vakke Dogmatiek en Kerkgeskiedenis. Daarbenewens sal ek ook in 'n adviserende funksie by die kerkverband (die Ukrainian Evangelical Reformed Church) betrokke wees.



U het die Oekraïne besoek. Wat was u eerste indrukke?

Dit is baie moeilik om 'n eerlike beeld te kry in 'n besoek van 5 dae. Maar uit wat ons gesien

het en wat vir ons vertel is, het die ooreenkomste met dinge in Suid-Afrika ons getref. 'n Traumatiese verlede, korrupsie, wantroue, die kombinasie van arm en ryk in een stad, die jong kerke se omgaan met geld vanuit Nederland – dit is alles dinge wat vir ons in Suid-Afrika nie vreemd is nie. Sake wat ons in die sending in Suid-Afrika teëgekomp het, het ook in die gesprekke oor die werk in die Oekraïne opgeduik. Dus, op 'n manier kon ons onself assosieer met 'n klomp dinge. Maar ons besef dat dit 'n ander storie is om permanent daar te woon. Miskien sal ons oor 'n paar jaar 'n beter indruk kan gee.

Hoe het u vrou die besoek ervaar?

As 'n mens op so 'n besoek is, dan is jy natuurlik die hele tyd besig om te oorweeg en te beoordeel of jy en jou gesin daar sal kan woon. Ek dink dit was veral waarna Tineke gekyk het: gaan ons hier kan woon, gaan die kinders kan aanpas, gaan ek my weg in hierdie stad kan vind? Sy sien dit as haar groot uitdaging om die taal aan te leer om sodoende haar weg in die winkels en in die samelewing te kan vind.

Kan u iets sê oor die taal? Sal u dit moet aanleer? Of is die mense Engels magtig?

Taal is, net soos in Suid-Afrika, 'n baie sensitiewe saak. Die meeste mense in die Oekraïne kan Russies praat, maar daar is 'n sterk beweging wat Oekraïns die hooftaal wil maak. Russies herinner immers aan die tyd van die kommunisme. Die weste van die Oekraïne is meer Westers gesind, soek aansluiting by die Europese Unie en wil Oekraïns as hooftaal hê; die ooste van die land is meer pro-Rusland en pro-Russies. Vir die doel van my werk is dit beter om Russies aan te leer, aangesien dit deur die meeste mense verstaan word, en ook omdat daar studente uit Rusland en ander voormalige Sowjet-republieke by die seminarie studeer. Ons indruk is dat die meeste mense nie Engels

magtig is nie. Dus, aanvanklik sal taalstudie baie van ons tyd vat.

Wat van julle kinders? Is daar geskikte skole wat hulle kan besoek?

Gelukkig kan die kinders na 'n Amerikaanse skool gaan. Dit is 'n skool wat gestig is vir kinders van Amerikaanse sendelinge, en is dus 'n Christelike skool. Die skool het ongeveer 150 leerlinge van graad 1 tot 12. Dus, hulle sal in Engels onderrig ontvang, en Russies is een van die vakke. Op dié manier leer hulle ook Russies.

U is tans in Duitsland vir verdere studie. Waaroor gaan dit?

Ek is besig met 'n studie oor Calvyn se kommentaar op die boek Handeling. En die spesifieke vraag gaan oor Calvyn se visie op die invloed van Pinkster en die uitstorting van die Heilige Gees vir die reformasie van die kerk en die gelowiges. Wat my al hoe meer tref, is dat Calvyn se visie op Pinkster en die uitstorting van die Gees nooit losgedink kan word van sy visie op Christus nie. Calvyn se leer van die Heilige Gees het altyd te make met sy Christologie. En dit is belangrik vir gereformeerdes om hierdie twee altyd bymekaar te hou. Anders kry jy 'n soort spiritualistiese, charismatiese beleving, los van Christus.

Maar dit daar gelaat, ek het die geleentheid gekry om vir 6 weke by die Johannes a Lasco Biblioteek in Emden te studeer. Dit behels dat ek gratis verblyf en vrye toegang tot die biblioteek ontvang. Dit is 'n groot voorreg, aangesien die Johannes a Lasco Biblioteek een van die bes toegeruste biblioteke is op die gebied van Calvinisme en Protestantisme. Dit bied ook die geleentheid om vir 'n langer periode voluit op die studie te fokus.

Pretoria-Maranata was u eerste gemeente. Vormingsjare en voete-vind-jare. Hoe kyk u daarop terug?

Tineke en ek het vir mekaar gesê dat ons 7,5 jaar in Pretoria-Maranata van die mooiste jare in ons lewe was. Ons kyk met die grootste dankbaarheid en deernis terug na hierdie jare, na die gemeente en na elke lidmaat. Dit was inderdaad vormende jare – hier het ek leer preek, huisbesoeke doen, katekisasie aanbied, kerkraadsvergaderings lei en kerkverbandelike werk doen. Ek is die kerkraad en gemeente baie dankbaar vir die ruimte wat hulle my gegee het om te groei, my eie styl te ontwikkel en ook breër as die gemeente te kan werk. Ons sou sekerlik nog 'n aantal jare vrugbaar in die gemeente kon werk, maar die Here het ons nou elders geroep.

Hoe het u kontakte met ander kollegas binne en buite die VGK ervaar? Moontlik ook met verwysing na die 5-punt-samesprekings?

Predikante is van nature maar 'n spesie wat op hulle eie werk, en tog is spanwerk van die grootste belang. Die reformatore het dit ook besef, en daarom het hulle oral die gewoonte ingestel dat predikante in 'n stad op 'n gereelde basis bymekaar moes kom. In die 7,5 jaar wat ek in Pretoria gewerk het, het ons dit ook gedoen, in verskillende formate. En ek het dit altyd as baie bemoedigend ervaar – enersyds vir die goeie voortgang van die werk, maar andersyds ook vir elkeen se persoonlike geloofsgroei.

Kontakte met predikante buite die VGK, veral met die kollegas in die Gereformeerde Kerke, was vir my besonder stimulerend. Ek het dit altyd as baie bevrydend ervaar om te sien hoe die Here sy weg gaan, en hoe wyd Hy in ons land aan die werk is. As gelowiges uit die tradisie van die Vrymaking is hier, na my mening, 'n blindokol in ons kyk op die kerk, wat opgeklare moet word. Die kuns is om met vrymoedigheid te kan sê dat die VGK kerk van Jesus Christus is, maar om tegelykertyd met die vinger die werk van Christus op ander plekke te kan aanwys.

As predikant van 'n sendende kerk het u baie ervaring opgedoen met die sendingwerk. Enige gedagtes hieroor?

Sjoe, ek is nog maar 'n beginner as dit kom by sendingwerk. In ons vergaderings met die sendelinge en die Sendingskommissie het ek my dikwels verwonder oor die deurstellingsvermoë van hierdie broeders. Ek kon omtrent elke week voor 300 mense preek, en as daar enkele lidmate afwesig was, kon 'n mens dit nie altyd sien nie. Maar as jy voor 20 mense preek, en daar is 5 afwesig, dan voel 'n mens dit. Ek wil die sendelinge aanmoedig om voort te gaan met die mooi werk wat hulle doen.

Waarop sou u graag die klem wil plaas as ons praat van die taak van die VGK in SA?

In die eerste plek kragtige prediking! Dit is deur die prediking van die Woord dat die Here sy gemeente bou en toerus vir 'n lewe in hierdie wêreld. Ek moes dit leer – geen menslike inisiatiewe of projekte bou die kerk soos wat die Here dit doen deur die prediking nie.

En in die tweede plek die soeke na eenheid. Hierdie twee het alles met mekaar te make. Suiwer en kragtige prediking grens enersyds af teenoor dwaalleer en teen elkeen met wie ons nie een is nie, maar andersyds soek dit met hart en siel na die eenheid

met elkeen wat in dieselfde waarheid as ons staan. Dus, prediking en ekumene!

Is daar enige moontlikhede vir kontak met die Oekraïne?

Ek sou graag bevestigend hierop wou antwoord, maar die tyd sal dit moet uitwys. Ons sal in elk geval

alles in ons vermoë doen om die bande met Suid-Afrika te onderhou.

Douwe Drijfhout, lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria, het die onderhoud met ds Erik van Alten, dosent aan die Evangelical Reformed Seminary of Ukraine te Kiev, gevoer.

Kan Moslems en Christene in vrede saamwoon?

In Perspektief

Boko Haram in Nigerië

Wie of wat is en wil Boko Haram?

Op 15 Mei het president Goodluck Jonathan van Nigerië die noodtoestand in drie noordelike state van Nigerië uitgeroep en troepe na die noordooste van die land gestuur. Die rede is die herhaalde aanvalle van die Moslem-sekte Boko Haram en hulle ondermyning van die staatsgesag in hierdie gebied. Sedert 2010 het ongeveer 2 000 mense omgekom deur aanvalle van Boko Haram, hoofsaaklik op Christene en Christelike kerke. By die onlangse aanvalle van die Nigeriese leër op kampe van Boko Haram is inmid-dels 'n aantal stryd-ers gedood. Wie of wat is en wil Boko Haram?

Boko Haram is in 2002 opgerig deur 'n Moslem geestelike, wat in 2009 vermoor is. Die Hausa-naam Boko Haram beteken "Westerse opvoeding is sonde". Die amptelike naam van die beweging (vertaal uit Arabies) is: "Mense wat daaraan toegewyd is om die leer van die Profeet uit te dra en die 'jihad' (heilige oorlog) te voer". Hulle wil die hele land onder 'sharia' (Moslem-wette) en Islam-beheer bring. Hul idees en aksies stem baie ooreen met dié van die Taliban in Afganistan. Hulle stry teen Westerse onderwys, asook teen kulturele, wetenskaplike en religieuse invloede vanuit die Westerse wêreld op die bevolking van Nigerië. Na hulle mening word Nigerië regeer deur ongelowiges (die meerderheid Christene wat in die suide van die land woon). Hulle pleeg gewoonlik aanslae op kerke tydens Kersfees.

Die twiste, terreur en burgeroorlog in Nigerië word verder aangevuur deur fundamentalistiese Moslems wat, net soos Boko Haram, meen dat die Islam met geweld beskerm en versprei moet word deur



Moslem-state in noord-Nigerië

'n heilige oorlog ('jihad'). 'n Mens moet onthou dat dit nie die mening van alle Moslems is nie, maar dat 'n goed-georganiseerde groep wel die gemoedere kan opsweep.

Vir groepe soos Boko Haram lê

daar 'n fundamentele antese tussen die Moslems en hulle geloof en die heidene (= nie-Moslems) en hulle kultuur. Omdat die Moslem-geloof geen skeiding maak tussen "kerk en staat" nie en dus die hele samelewing onder beheer van die religie moet staan, sien hulle enige invloed van nie-Moslems as 'n bedreiging. Hierdie bedreiging moet dan nie net met die woord nie, maar ook met die daad ('jihad') bestry word. Dit is een interpretasie van 'jihad'. Gematigde Moslems, soos die Soefie-beweging, meen dat met die 'jihad' in die Koran bedoel word die stryd van die gelowige teen die sonde (onsuiwerhede / onvolmaakthede) in sy lewe.



Boko Haram-stryders

Wat is die oplossing vir midde-Afrikastate soos Nigerië, waar Moslems en Christene saamwoon?

Wat is die oplossing vir midde-Afrika state soos Nigerië, waar Moslems en Christene saamwoon? President Jonathan het besluit dat die terreur van Boko Haram met geweld onderdruk moet word. Maar daar is kommer oor die effek van hierdie aanpak as die geestelikheid nie tegelykertyd oortuig word van 'n meer gematigde houding nie. As die gewelddadige 'jihad' elke Vrydag in die moskeë verkondig word, dan sal daar steeds mense wees wat dit wil gaan uitvoer. Kerke en Christene in noord-Nigerië bly dan die slagoffers.

'n Ander oplossing is 'apartheid'. Gee Boko Haram sy sin en skei die noordelike Moslem-deel van Nigerië af van die res van die land of gee dit 'n groot mate van selfstandigheid binne die federasie. Die Christene wat in noord-Nigerië woon, moet dan maar na die suide van die land trek as hulle nie daar geduld word nie of as daar teen hulle gediskrimineer word. En die Moslems in die suide moet maar aanvaar dat hulle in 'n Christelike omgewing woon, met Westerse kultuur-invloede. Maar dit lyk ook nie na 'n uitvoerbare en praktiese oplossing nie, hoewel dit wel in die Soedan toegepas is met die afstigting van Suid-Soedan as 'n afsonderlike (Christelike) staat van die Moslem noorde.

'n Ander oplossing is om met die Moslem-geestelikheid in gesprek te tree, dalk saam met gematigde Moslem-leiers uit ander lande as bemiddelaars, om die aggressiewe interpretasie van die Koran te omskep in 'n gematigde interpretasie (bv. in die sin van die Soefie-beweging). Maar dit is 'n moeilike pad en bied slegs 'n langtermyn-oplossing. Dalk is die beste aanpak 'n kombinasie van 1 en 3: die wet en orde en grondwetlike regte van godsdienstvryheid in Nigerië moet deur die owerheid desnoods met geweld gehandhaaf word, en tegelykertyd moet daar met Moslem-leiers (wêreldwyd?) gepraat word oor die militante interpretasie van die term 'jihad' in die Koran.

Die Midde-Ooste en Noord-Afrika

Die Arabiese Revolusie (Lente?) in die Midde-Ooste en Noord-Afrika is nog volop aan die gang. Dit wil voorkom of die opstand in **Tunisië** die meeste sukses gehad het. Die diktator het verdwyn en 'n demokratiese bestel het daarvoor in die plek gekom

en die land het weer tot rus en in 'n opbou-fase gekom. In **Libië** is die diktator (Gaddafi) wel vermoor, maar allerlei faksies (ook fundamentalistiese Moslems) stry nog steeds om die oorhand. Dus die uiterlike vrede in die samelewing het saam met die diktator verdwyn. In **Egipte** is daar na die revolusie 'n demokratiese verkiesing gehou, maar hier het die Moslem-Broederskap die meerderheid gekry en die nuwe regering gevorm. Die land het nou na die bewind van Moebarak meer anti-Christelik geword en die lewe vir die Koptiese Christene in die land het versleg en daar word meer teen hulle gediskrimineer.

In **Sirië** is die stryd nog in volle gang, maar die aanduidings is dat die rebelle stadigaan die oorhand kry. Daar is egter hoegenaamd geen demokratiese partye in Sirië nie, wat beteken dat daar een of ander oorheersende Moslem-groep aan die bewind sal kom. Dit beteken minder vryhede en dalk selfs vervolging vir die Christene daar (hoofsaaklik lede van die Siries-Ortodokse Kerk wat vir Assad steun). In **Irak** is die stryd na die dood van Saddam Hoessein ook nog aan die gang. Daar is 'n taamlieke regionale verdeling van die drie grootste Moslem-groepe in die land. Die oorheersende Sjeïetiese Moslems woon in die suidelike deel, die Soenietiese Moslems woon in die sentrale deel en die Koerdiese Moslems woon in die noorde van die land. Die Engelse moes die land eintlik in 1918, na die verslaan en ontbinding van die Ottomaanse ryk, verdeel het in drie selfstandige state, maar hulle het Mesopotamië toe die een land Irak gemaak. Dit lyk of dit die beste is om die verdeling in drie selfstandige state asnog te doen en so die voortgaande bloedvergieting in die land te beperk.

Wes-Europa

Daar is groepe Moslems in Wes-Europa wat aggressief optree vir die beskerming van hulle geloof. Die woonbuurt Schilderswijk van Den Haag in Nederland word hoofsaaklik bevolk deur (Salafistiese) Moslems (uit Turkye en Marokko). Uit ondersoek deur die dagblad *Trouw* blyk dat ortodokse Moslems in hierdie woonbuurt hulle leefreëls oplê aan almal wat daar woon: geen meisie mag kort rokke dra nie, rook op straat is verbode en die gebruik van alkohol en varkveis is verbied.

Hierdie 'mini-sharia' pla die nie-Moslem-bewoners van die woonbuurt, maar ook die gematigde, verdraagsame Moslems. Hierdie bewoners is bekommerd dat die polisie die woonbuurt sal verlaat, omdat die ortodokse Moslems hulle vertel dat die woonbuurt

wel sy eie probleme sal kan oplos en dat hulle nie meer daar nodig is nie. Die stadsraad beskou dit as 'n 'komplekse probleem' en het nog geen beleid om hierdie verminderde vryhede vir nie-Moslem-bewoners aan te pak nie. Die berugte politikus Geert Wilders in Nederland fokus sy politiek hoofsaaklik op anti-Islam en anti-Moslem gevoelens. Wilders noem die ontwikkelings in Schilderswijk "Islamofasisme wat opruk in Nederland" en wil binnekort 'n politieke debat daarvoor voer in die Nederlandse parlement ('Tweede Kamer').

Wat ook verontrustend is vir die Nederlandse en Belgiese owerhede is die toenemende rekrutering van jong mense as 'jihad-stryders' vir Sirië, maar ook vir Somalië en Afganistan. Blykbaar is Nederland een van die grootste buitelandse verskaffers van hierdie stryders en is daar reeds meer as honderd Nederlandse 'jihad-stryders' aktief, veral in Sirië. Die meeste het hulle aangesluit by die ekstremistiese Al-Noesra-beweging, wat streef na die vestiging van 'n Islamitiese staat in Sirië na die vertrek van die huidige president-diktator Assad.

Die regerings van Nederland en België is nie soseer verontrus oor hulle vertrek na hierdie stryd-lande nie, maar is bekommerd daarvoor dat hierdie stryders na hulle terugkeer die Moslem-samelewing in Wes-Europa verder sal radikaliseer en dat getraumatiseerde stryders kan ontspoor in die samelewing. In Nederland is die bedreigingsvlak vir hierdie probleme onlangs verhoog van "beperk" na "substantieel". In België is die leier van die beweging *Sharia4Belgium* (Faoud Belkacem) deur die polisie weer in hegtenis geneem en het hulle verskeie huise van radikale Moslems deursoek. Belkacem was al onder huis-arres vanweë opstoking tot haat en geweld teen nie-Moslems.

Oplossings?

Die Islam is op die oomblik duidelik die mees aggressiewe religie in die wêreld.

Dit kan nie ontken word nie dat sekere Moslem-groepe al hoe meer onverdraagsaam, militant en aggressief raak. Die Islam is op die oomblik duidelik die mees aggressiewe religie in die wêreld (hoewel hulle dalk reken dat dit eerder die satanitiese Amerika of die Sionitiese Jodedom is). Dit wil voorkom of sommige van hulle weer terugkeer het na die dae van hul profeet Mohammed, wat ook die Islam deur

bloedige oorloë uitgebrei het. Vir die Moslems is daar maar een regte godsdiens en dit is die Islam. Hierdie religie moet (ook) met geweld beskerm word teen verkeerde invloede, aantasting van hulle samelewingstrukture en wette en moet selfs kragdadig uitgebrei word na gebiede waar hulle 'n minderheid vorm. Ook in meer politiek-gematigde Moslem-lande (soos Saoedie-Arabië) mag Christene deurgaans nie hul geloof uitdra nie. Gelukkig is daar wel middele om dit te doen in hierdie 'geslote gebiede' (sien die sendingsblad *Naast!*).

Moet daar dan maar gestreef word na 'n regionale afsondering of selfstandigheid van gebiede waar Moslems in die meerderheid is (soos op 'n bloedige manier in Soedan gebeur het of wat Boko Haram in Nigerië wil)? Ek meen nie dat dit deurgaans die regte oplossing is nie, hoewel dit wel 'n opsie is wat oorweeg kan word waar daar reeds 'n sterk mate van regionale skeiding aanwesig is. Na my mening moet ook Moslems leer wat verdraagsaamheid is en moet hulle besef dat "kerk en staat" geskei moet word, omdat nie alle burgers dieselfde godsdiens aanhang nie. Jou geloof lê nie in die eerste plek in uiterlike vorme nie, maar in die gesindheid van jou hart en jou leefwyse ten opsigte van jou naaste. As jou innerlike oortuiging sterk genoeg is hoef jy nie, in 'n vrye land, deur wapengeweld jou religie te beskerm of te bevorder nie.

Waar onregverdige diktators heers, moet deur internasionale druk die regering omskep word in 'n demokratiese politieke bestel met grondregte vir minderhede. Waar Moslems in die meerderheid is, moet minderhede nadruklik beskerm word deur grondwetlike regte soos vryheid van godsdiens en meningsuiting. En waar Moslems in die minderheid is, moet hulle ook hul godsdiens vry kan uitleef, maar sonder aggressie of fisiese dwang teenoor hulle medeburgers.

Met erkenning van godsdiens-vryhede wedersyds behoort Moslems en Christene en ook ander gelowiges in een land te kan saamleef. Dit vra onderlinge verdraagsaamheid, soos bevorder in die Christendom en in Christelike lande. Ag, was alle mense maar Christene, werklike navolgers van Christus, dan sou die wêreld beter leefbaar wees!

Hans Moes, lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad

Boekenuus



Nuut op die rak

Vertrekpunte van die Christelike geloof: vir onderwysers
Morné Diedericks



Boekenhout-Folmer (Pta): Boekenhout@aros.ac.za
Folmer (kpst): eendenkooi@telkomsa.net

Wanneer die fondament vir Christelike onderrig nie sterk is nie, verkrummel die hele gebou. Die bedoeling van hierdie boek is om ons weer terug te neem na die eerste beginsels van die Christelike geloof. Dit is spesifiek gerig op onderwysers wat gereeld met die vrae: “wat het geloof met wetenskap te doen?” of “wat het die Bybel te doen met die werklikheid?” gekonfronteer word. Die temas geloof en wetenskap en die Bybel en die werklikheid is deurlopende temas in

die boek, wat poog om die onderwyser te lei om God se goddelikheid en krag in elke aspek van die lewe raak te sien. Tien kernaspekte van die Christelike geloof waarin elke onderwyser goed onderrig behoort te wees, word bespreek.

Slegs R 90.00!

Fokus op Preekbundels...

Die meeste van ons het al ‘n preek/preke gehoor wat so ‘n groot impak op jou gehad het dat jy dit graag wéér wil hoor. Of miskien wonder jy oor ‘n spesifieke tema en sal graag ‘n reeks preke oor die onderwerp wil deurwerk. Daarom fokus ons in hierdie uitgawe op die verskillende preekbundels wat op Boekenhout-Folmer se rak is. Kom maak gerus ‘n draai by die winkel om hulle self onder oë te kry en rustig met ‘n gratis koppie koffie te sit en lees. Maak gerus voorstelle indien jy weet van ‘n goeie preekbundel wat nie op ons rak is nie.



Daar is meer as 26 titels om van te kies, soos

<i>A Living Member</i>	Veldman, A	20.00
<i>As daar lig is, is daar vrug</i>	Venter, P	40.00
<i>Building the church of God</i>	Stam, C	120.00
<i>Die Evangelie vandag</i>	Overduin, J	20.00
<i>Die Gepredikte Woord</i>		20.00
<i>Die Here, Hy is God</i>	Bijzet, FJ	25.00

Afsnydatum vir die volgende uitgawe van KOMPAS:
10 Julie 2013

Artikels moet na volgende e-posadres gestuur word:
kompas@vgk.org.za

Stigting Woord en Wandel (Eienaar & Uitgewer)

Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Dr Gerard Hagg
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134
Tel: 012 332 0127
Faks: 086 651 9719
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:

Printburo (tel: 012 335 9134)

Redaksie:

Douwe Drijfhout (eindredakteur)
Gerhard Bijker
Marja Danielz
Heleen Snijder

Bladuitleg:

Ilze van Houwelingen

Taalversorging:

Magriet de Mooij en Marijna Bijker

Webmeester:

Willemien Kleijn

Redaksieadres:

19de Laan 560,
Rietfontein, 0084
E-pos: kompas@vgk.org.za

Advertensies:

Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:

Kompas, Capitec Rietfontein
Takkode: 47 00 10
Rek nr: 132 884 5972
Tjeks moet asb. uitgemaak aan L.
Ros. Onthou asb. om u lidnommer
waar moontlik te gebruik by betalings.
Betaalbaar voor/op 28 Feb 2013 asb.

Intekengelde (per jaar):

RSA per e-pos: R60
RSA per hand: R120
RSA per pos: R160
Buiteland per e-pos: €10
Buiteland per seepos: €30
Buiteland per lugpos: €40

<http://kompas.vgk.org.za/>

Intekening moet asseblief skriftelik
gekanselleer word. Kompas is nie
aan kopiereg onderhewig nie.

SKOON

BIO-DIESEL bk

Wat is Biodiesel?

Biodiesel is 'n skoon-brandende diesel vervangings brandstof, vervaardig uit natuurlike, hernubare bronne soos oliesade, herwinde gebruikte kookolie, ens.

Biodiesel bevat geen petroleum nie, maar kan in enige verhouding met petroleum diesel gemeng word om 'n biodiesel mengsel te vorm.

Net soos petroleum diesel, kan biodiesel in enige ongewysigde diesel enjin gebruik word.

Wie is SKOON Bio-Diesel?

SKOON Bio-Diesel bk. is September 2008 gestig met die doel om biodiesel uit gebruikte plantaardige olies te vervaardig. SKOON Bio-Diesel werk nou saam met Supa Oils, 'n verspreider van plantaardige olies in die Wes en Oos Kaap.

Ons vervaardig op 'n omgewings verantwoordbare wyse biodiesel van hoogstaande kwaliteit. Ons verseker goeie gehalte van ons biodiesel deur op 'n kontinue basis kwaliteit toetse uit te voer.

SKOON Bio-Diesel bk. verskaf biodiesel aan maatskappye vir gebruik as brandstof in diesel enjins, of as brandstof vir ander energie doeleindes.

Wat is die voordele van Biodiesel?

Biodiesel is 'n suurstofryke brandstof (11% suurstof op 'n massabasis) en dra dus by tot 'n meer volledige verbranding en 'n hoogs verbeterde uitlaatgas profiel.

Biodiesel is:

- Hernubaar
- Nie-giftig
- Swawel vry
- Veilig om te hanteer, te vervoer en te stoor
- Vry van karsinogeniese benseen
- Bio-afbreekbaar
- Het hoër flitspunt as petroleum diesel

Biodiesel skei ook 80% minder koolwaterstowwe, 60% minder CO2 en 50% minder partikulêre deeltjies uit as petroleum diesel.

Enjin vertoning met biodiesel en biodiesel mengsels is omtrent identies met die van petroleum diesel. Slegs klein hoeveelhede biodiesel kan beduidende smerings voordele verskaf aan petroleum diesel.

Kontak persoon: Johan Potgieter • Epos: jpotgieter@skoon.co.za

Sel: +27 72 108 1608 • Tel: +27 21 951 5320 • Faks: +27 86 698 1947

SKOON Bio-Diesel bk., Eenheid 9, Circle Park, Sacks Sirkel, Bellville-Suid, 7530

SKOON Bio-Diesel
in samewerking
met Supa Oils



 **Hurter Spies** Ing.
prokureurs • attorneys

Prokureurs, Notarisse en Aktevervaardigers

- Eiendomsreg
- Opstel van koopvooreenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of
Johan Hurter
Telefoon 012-664-0708
of epos willie@hurterspies.co.za